Trek & Dryf:
van trekperd tot pretperd

deur **Hennie Basson**



Aan die suiderpunt van Afrika word perde sedert die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie se bewind aan die Kaap as trekdiere vir vervoerdoeleindes benut, asook as werksperde op plase, vir gebruik op die land se slagvelde en sedert ongeveer 1850 vir skoudoeleindes.

Met die koms van meganisasie in die middel van die eerste helfte van die vorige eeu word hierdie diere egter al hoe meer vir plesier- en sportdoeleindes gebruik en nou ook selfs in die toerismebedryf.

Hoewel daar sedert die begin van die vorige eeu om verskeie redes 'n groot afname in perdegetalle in Suid-Afrika was, is dit in die jongste jare weer geleidelik besig om te styg en 'n klein persentasie word nog vir trekdoeleindes aangewend. 'n Geleidelike toename in die benutting van trek- en karperde vir verskeie dissiplines is wel waarneembaar.

Aanvanklik is die inheemse Kaapse perd, wat uit die aankomelinge uit die Ooste ontwikkel het,

as trekperd gebruik. Eers ná 1860 is begin met die invoer van eksklusiewe trek- en karperdrasse waarvan sommige steeds in die land veredel word.

Die **HACKNEY**, wat sy oorsprong in Engeland het, is sekerlik die bekendste karperdras wat sedert ongeveer 150 jaar gelede die land ingebring is om 'n bydrae tot die teel van doeltreffende gebruiksperde te lewer en wat steeds in beduidende getalle suiwer gehou word in die Wes-Kaap, maar ook in die Noord-Kaap, Vrystaat en Noordwes.

Hoewel dié bedryf nie lank gelede nie 'n insinking getoon het, word dit nou weer al hoe meer in op skoue gesien en is ongeregistreerde perde van dié ligvoetige ras 'n algemene gesig op veral die Kaapse Vlakte waar hulle smouskarretjies trek.

Die jaarlikse nasionale kampioenskappe vir Hackneys word jaarliks teen einde Maart op Beaufort-Wes gehou en word deur aksiebelaaide vertonings gekenmerk.

Kontak die voorsitter van die SA Hackney-telersgenootskap, Danie Alberts, by 083 726 0081

[BREEDING]

"WE GIVE OUR CUSTOMERS WHAT THEY WANT"

SO THAT YOU CAN GIVE YOUR FOAL THE CARING IT DESERVES.

A foal, conceived by the union of two carefully selected horses, is the very reason why so much passion and love is shown towards horses. It will need to be bred with great care to meet its owners high expectations.

During suckling the level of enzyme activity in the foals digestive tract will determine which ingredients in the feed the foal is able to digest effectively. During weaning however, the feed must provide sufficient nutrients for muscular development as well as playing a vital role in the development of strong bones, these are essential in producing a strong and healthy foal. These important stages of a foals life ask for important decisions to be made which effect its growth and health and ultimately its performance and value. Nutrition that is scientifically balanced can never be over emphasised. Equi-Feeds supports its horse breeding customers with innovative processes, superior products and qualified support so that they may know that their investment will not only meet their expectations, but will far exceed them.

EQUI-FEEDS

Balanced Nutrition

For more information contact your local **EQUI-FEEDS** offices:
Western Cape: 021 975 1910, **Gauteng:** 011 314 3675, **Kwazulu Natal:** 033 266 6040,
Port Elizabeth: 041 379 3847, **East London:** 043 737 4106/4991
or Dealers: **Gauteng:** 011 708 1994, 011 702 1644, 016 590 2181 or visit **www.equifeeds.co.za**

TAG Media: 5/06_SA Horseman

of die sekretaris, Marius Roodt, by 051 448 0772.

Die eerste **FRIESPERDE** het waarskynlik teen die einde van die negentiede eeu na die Kaap gekom, maar die eerste amptelike invoer was in 1906. Aangesien hierdie invoer van vier hingste uit Friesland, Nederland, deur die Belgiese hawe Antwerpen, geskied het, het dié swart trekperde se afstammelinge vir langer as 'n halfeeu as Vlaminge of Vlaamperde in ons land bekend gestaan. Eers weer in 1958 het Piet Slabbert van Petrusburg en Ben Mostert van Riebeek-Wes van hierdie swart perde uit Nederland ingevoer en besef dat dit eintlik Friesperde is.

Die Friesperdtelersgenootskap van SA is in 1980 in die lewe geroep. Die huidige voorsitter is Pieter Loubser (021 557 7906 / 082 923 7161). Die sekretariaat van die genootskap kan by 051 430 2456 gekontak word.

Sommige lede was egter van mening dat erkenning verleen moes word aan die **SA VLAAMPERD**, wat in 'n groot mate uit die Friesperd geteel is, en in 1982 is 'n eie telersgenootskap vir dié ras gestig. Dit is 'n ietwat ligter geboude tipe perd as die Fries en word as 'n inheemse perderas beskou. Die nasionale kampioenskappe is jaarliks in September op Moorreesburg.

Die voorsitter van die SA Vlaamperdtelersgenootskap is Koela Smit, wat by 083 628 5247 gekontak kan word, en die sekretaresse is Marina van Blerk – 022 481 3614.

In Mei 1989 het die oorsponklike rasgenootskap vir Friesperde in die land egter 'n verdere skeuring beleef. Die Friesperdstamboek van Suider-Afrika (FPSSA) is as 'n susterorganisasie van die Koninklike Friesperd-Stamboek van Nederland in die lewe geroep om suiwer Friesperde volgens internasionale standaarde te teel.

Die voorsitter van die FPSSA is Bernard Botha (082 453 5295) en die sekretaresse kan by 076 215 7246 / 076 294 2823 gekontak word.

Terwyl die Wes-Kaap vir baie dekades oor die meeste van die land se Friesperde beskik het, het die kern van dié getalle nou na die noordelike provinsies verskuif. Benewens die feit dat elk van die genootskappe hul eie skoue organiseer, word 'n groot ekspo en veiling van Friesperde jaarliks in Meimaand op Geyerspan by Lichtenburg gehou.

Van die swaar trekperde wat sowat 'n eeu gelede hul verskyning in die land gemaak het om veral op wingerd- en graanplase te werk, het nog net die **PERCHERON** in 'n mate oorgebly. Die voorsitter van die SA Percherontelersgenootskap is Gerrie van Zyl (023 344 3746) en Lettie Kruger is die sekretaresse (051 447 1121).

Wat **CLYDESDALES** betref, is daar slegs 'n enkele geregistreerde stoet in die land oor, nl by Clarens. Skakel Jinny Martin by 082 8021 476 / 058 2561 105 hieromtrent. Peter Dommett van Underberg beskik egter nog oor drie verskillende swaar trekperdrasse, nl Shires, Percherons en Clydesdales. Sy nommer is 033 701 1651. Vir besonderhede oor die **IRISH DRAUGHT**

Die sportdissipline van perde en ponies in die tuig is die dryfkunssport, in Engels *carriage driving*, wat veral in Gauteng, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap inslag gevind het.

Driefase-byeenkomste behels dressering, die marathon en 'n hindernisbaan

BISA

BIO-INSECTARIES SOUTH AFRICA

FOR ECO-FRIENDLY PEST CONTROL



Unrivalled Quality and Professional Service

BISA offers you:

Fly control the natural way. Long term economical benefits. Less chemical pollution. A marketing advantage by producing environmentally friendly products.

How does this programme work?

Parasitoides (*Muscidifurax raptor*) are reared in an insectary for releasing, and are available in packs of 5000. These parasitoides are released monthly on certain "hot-spots" on the farm.

The adult parasitoid stings the fly pupa, killing it in the process and then lays eggs in the pupal case. The eggs develope into wasps through feeding on the dead fly pupa. The wasps emerge in 19 – 21 days and on your farm begins its search for fly pupa on which to feed and deposit eggs.

GET RID OF FLIES INTELLIGENTLY

Contact Us:

Tertia du Toit
Manager: Training & Distribution
Cell: 083 305 4169 | Email: tertia@bioinsectsa.com

Arno Moore (Ph.D)
Managing Director
Cell: 083 270 4866 | Email: arno@bioinsectsa.com

HORSE, 'n veeldoelige perd, kan Grant Store by 083 945 8193 gekontak word.

Die **HACKNEYPONIE** is beslis die mees aksiebelaaide ponie in die land en is hoofsaaklik in die Boland en Suid-Kaap, maar ook in Noordwes te sien. Suid-Afrika se ponies is van wêreldgehalte en die nasionale kampioenskappe word jaarliks in die eerste week van Maart op Swellendam gehou.

Die voorsitter van die SA Hackneyponietelersgenootskap is Dawood Davids (072 396 9099 / 021 396 1245) en George Bell is die sekretaris (028 840 1880).

Hoewel **WALLIESE PONIES** veeldoelige diere is, is veral die groter tipe (die Walliese Cob) uitstekend in die tuig en word selfs spanne van agt voor 'n wa nog soms op van ons skoue gesien. Hierdie ras is gewild as kinderponies, maar ook vir gebruik in die dryfkunssport.

In die eerste week van Mei lok die nasionale kampioenskappe vir dié ras jaarliks honderde van hierdie ponies uit alle provinsies na die Bloemskou.

Susan Cook is die kontakpersoon van die Walliese Ponie en Cobvereniging van SA en haar huistelefoonnommer is 012 668 1003 en sel 083 788 2503.

SA MINIATUURPERDE word eweneens vir veeldoelige aanwending geteel, is gesog by kinders en hul groot saamtrek is jaarliks in Maart op Parys tydens die nasionale kampioenskappe. Hoewel hulle landwyd gesien word, is die meeste telers en eienaars hoofsaaklik in die sentrale en noordelike provinsies.

Abrie Beukes is die voorsitter van die SA Miniatuurperdtelersgenootskap (072 178 2432) en meer besonderhede is verkrygbaar by Marina van der Merwe (082 890 1702/3).

Die sportdissipline van perde en ponies in die tuig is die dryfkunssport, **CARRIAGE DRIVING**, wat veral in Gauteng, Kwazulu-Natal en die Wes-Kaap inslag gevind het. Driefasebyeenkomste behels dressering, die marathon en 'n hindernisbaan. Groot byeenkomste word op spesiale plekke in van die belangrikste sentra in die land gehou en kleiner vertonings op tradisionele skoue.

Brenda Wessels is die voorsitter van die Horse & Carriage Society of SA en ook die kontakpersoon in die Wes-Kaap (021 859 5214 / 083 692 2379). In Gauteng kan Karen Gruss by 082 801 9341 gekontak word en John Plummer in KwaZulu-Natal by 082 900 1329.

Die bou en herstel van perderytuie het uiteraard ná die Tweede Wêreldoorlog feitlik uitgesterf, maar soos die trekperd weer in gewildheid begin toeneem, ontstaan daar geleidelik weer 'n behoefte hieraan.

Twee organisasies wat groot klem lê op die voortsetting van hierdie tradisie en ook ou aanverwante ambagte wil laat herleef (ook met die oog op werkskepping) is die **DE POORT ERFENISPROJEK** in die Paarl en die **HOUTSPEEKVERENIGING**, 'n organisasie van nasionale omvang.

> "Terwyl die Wes-Kaap vir baie dekades oor die meeste van die land se Friesperde beskik het, het die kern van dié getalle nou na die noordelike provinsies verskuif"

De Poort se voorsitter is Frances Graves en Luzelle Möller is die kontakpersoon (021 863 5009). Koot van der Ryst is die voorsitter van die Houtspeekvereniging (082 320 6344) en Elsabé van der Linde die sekretaresse (014 549 2046 / 083 250 4348).

'n **TREKDIERSENTRUM** is twaalf jaar gelede by die Universiteit van Fort Hare op Alice op die been gebring waar opleiding in die hantering en versorging van trekdiere (waaronder ook die perd en muil) verskaf word.

Akademici en navorsers hier is oortuig daarvan dat trekdiere 'n kernrol kan vervul om boere selfvoorsienend te maak. Navrae in dié verband kan gedoen word by 040 602 2085.

Hoewel **MUILE** se rol sedert veral die tweede helfte van die agtiende eeu op veral Wes-Kaapse graanplase momentum begin kry het, en hulle ook in groot getalle in die sentrale en noordelike gebiede van die land vir hoofsaaklik die trek van poskoetse en transportwaens oor lang afstande gebruik is, is daar nou slegs 'n handjievol van hierdie gewillige diere in die land oor. **SAH**